

2003


SUID-AFRIKA SE TWEDE DEMOKRATIESE DEKADE: GAAN ONS RYKER OF ARMER WORD?¹

Sample Terreblanche

1. IETS OOR DIE ONDERWERP

Ek wil begin deur te sê dat ek nie van die onderwerp hou nie. Ek aanvaar dat die "ons" darem na al Suid-Afrika se 45 miljoen inwoners verwys. Van hierdie 45 miljoen is die boonste een-derde (15 miljoen mense) middelklas (of bourgeoisie) mense wat ryk en selfs baie ryk is. Die middelste een-derde is arm en vorm die laetklas (of die werkerstand) wat wel toegang tot werkgeleenthede in die formele en informele sektore het, maar nogtans arm is. Die onderste een-derde is sorgwekkend arm en vorm die "underclass" (lumpenproletariaat) wat vir alle praktiese doeleindes bykans geen toegang tot werkgeleenthede het nie. Terwyl die boonste een-derde heelwat ryker geword het oor die afgelope 10 jaar, het die *underclass* (of lumpenproletariaat) aanmerklik armer geword, het die inkome van die middelste een-derde (die werkende laetstand) deels gestyg en deels gedaal. (Figuur 1).

Figuur 1



2.

POLITIEKE EKONOME EN DIE BEVORDERING VAN SOSIALE WELVAART

My pleidooi is dat ons in hierdie land nie alleen groter empatie teenoor die armes moet betoon nie, maar dat ons ook met groter nuansering oor rykdom en armoede - en oor die oorsake daarvan - moet praat.

Oor die afgelope 10 jaar het 'n miljoen werksgeleenthede in die formele sektor verlore gegaan, byna 2 miljoen van die nuwe toetredes tot die arbeidsmag kon nie sodanige werksgeleenthede kry nie, terwyl baie werkers na die "casual" en informele sektors verskuif is, en armoede en ongelykheid verder vererger het.

Die probleem wat ek met die onderwerp het, is dat die Suid-Afrikaanse middelklas (en veral die ryk elite) steeds 'n obsessie het om nog ryker te word ten spyte van die feit dat die armes (*underclass*) - vanweë faktore buite hulle beheer - steeds besig is om in nog groter ellende weg te sink. Miskien sou ek nie so sensitief oor die onderwerp gewees het nie, as die ou wit en die nuwe swart elite hulle nie op sulke blatante maniere aan al die naarghede van 'n rykmanskultus (of is dit 'n multi-miljoen-kultus?) skuldig maak nie, terwyl hulle skynbaar onkundig en onverskillig staan teenoor die 15 miljoen wat as 'n *underclass* permanent aan mens-onterende armoede blootgestel is.

Die behetheid met rykdom en uitspatige lewensstandarde in elite kringe is nie alleen irriterend nie, maar kan - te midde van die wyderspreide armoede - selfs as vulgêr beskryf word. Om alles te kroon, keer die superrykes onder die illusie dat al hulle "gemaak-en-gebreek" om nog ryker te word, spontaan die armoede van die armes vertig. Maar, helaas, die vermeende "onsigbare hand" om dié truuk te bewerkstellig is afwesig vanweë die wanfunksionaliteit van die Suid-Afrikaanse politiek-ekonomiese stelsel.

In die Politieke Ekonomie as vakwetenskap bestaan 'n deurlopende debat oor wat die eintlike doel van die Politieke Ekonomie en van 'n politiek-ekonomiese stelsel is of moet wees. Sommige beweer dat die individuele verbruikers en die organisatoriese werking van die markmeganisme spontaan besluit wat daardie doel is of wat dit behoort te wees. Mense wat sê sê, is slaafse aanbidders van Adam Smith se "Onsigbare Hand". Hierdie mense is egter aanbidders van 'n verkeerde en vulgêre interpretasie van wat Adam Smith werklik geskryf het. Die Ekonomiese Joseph Stiglitz sê terug dat Adam Smith's "invisible hand" *may be more like the "Emperor's new clothes" - invisible, because it is not there*.

Ander is weer van mening dat die doel van die Politieke Ekonomie en van 'n politiek-ekonomiese stelsel is om toe te sien dat die per capita inkome jaarliks so veel as moontlik groei. Van waar Gehasi? Net mense wat hulle skuldig maak aan 'n eng "ekonomiese benadering" en die Mammon god van "groeienskap" aanbid, kan so dom wees om te wil beweer dat dit in die Politieke Ekonomie gaan om die groei van die per capita-inkome. Die Amerikaanse Ekonomiese, Edward Phillips, stel dit soos volg:

¹ Lesing gehou as deel van die Sol Plaatje-Diskoersreeks by die Aardklop Nasionale Kunstees in Potchefstroom, 25/09/03.

"Economists must concern itself with something *more* than merely maximum output and employment. It must also concern itself with *social priorities*. In other words, it must, in a sense become a branch of *moral philosophy*. This is an area in which economists have been, ... neglectful of their duty. We need more study of social priorities".

Aangesien die Politiek Ekonomie beslis 'n vertakking van die morele filosofie is - en ook behoort te wees - het diegene wat hulle oor die verloop van politieke en ekonomiese aangeleenthede uitlaat - en wat iets oor rykdom en armoede te sê het - die swaare verantwoordelijkheid om 'n *moreel verantwoord* standpunt in te neem oor wat Sosiale Welvaart - d.w.s. die welvaart van die gemeenskap as kollektiewe geheel - sal bevorder en wat nie. Die vraag is natuurlik hoe meet of hoe definieer 'n mens Sosiale Welvaart.

Sosiale Welvaart is natuurlik 'n *waarde* aangeleentheid waarvoor elke gemeenskap - en natuurlik demokratiese gemeenskappe - deur sy demokratiese prosesse en deur oop diskoeerse hom deurlopend moet verantwoord. Dit is jammer dat die diskoeerse oor die waardes wat ons wens te verwesenlik en oor wat ons sosiale prioriteite in die nuwe Suid-Afrika behoort te wees, nie op so 'n lewenskragtige en indringende wyse plaasvind soos wat gewens is nie.

Indien ons saamstem dat die bevordering van Sosiale Welvaart die doel van die Politieke Ekonomie is, dan rus daar - om verskeie redes - 'n groot verantwoordelijkheid op die regering om die ongelijke verdeling van eiendom, geleenthede en inkomme in hierdie land só te hanteer dat die Sosiale Welvaart so goed as moontlik bevorder sal word. Hierdie verantwoordelijkheid is soveel groter in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika waar 15 tot 20 miljoen mense bykans volledig gemarginaliseer is van die hoofstroom van die ekonomie en daarom *sistemies* uitgesluit is van *deelname* daaraan.

Wanneer so 'n groot deel van die bevolking - byna 50% in ons geval - so arm is dat hulle nie in hulle Basiese Menslike Behoeftes (BMB) kan voorsien nie, dan het dit verreikende implikasies vir die rol wat die staat moet speel in die bevordering van Sosiale Welvaart. As ons boonop in ag neem dat daar gedurende die tydperke van kolonialisme, segregasie en apartheid growwe Sosiale Onreg gepleeg is teenoor diegene wat vandag in armoede leef, dan word die owerheid se verantwoordelijkheid teenoor die slagoffers van *sistemiese uitbuiting* soveel groter en soveel te meer gebelënd. Anders gestel, as mens na die *ongelykheid* - en die verskriklike groot gaping tussen rykdom en armoede - in Suid-Afrika kyk, kan 'n mens reeds 'n baie sterk en 'n oortuigende saak vir omvattende herverdelingsbeleid uitmaak. Maar as 'n mens die armoede- en die rykdomsprobleme in Suid-Afrika in *historiese* perspektief bekyk - d.w.s. hoe magopatone tydens uitgebreide kolonialisme, tydens die *struggle* (en tydens die nuwe politiek-ekonomiese bedelinge sommige (en veral die wit en swart elite) onverdient verkyk het en die armste helfte *onverdient* verarm het - dan word die argument vir omvattende herverdelingsmaatreëls nie alleen baie sterker nie, maar dan word dit 'n argument vir omvattende *restitusië*.

Ten spyte van die sterk saak wat ter wille van herverdeling en/of restituisie uitgemaak kan word, is die amptelike benadering - van die nuwe regering en die korporatiewe sektor - dat herverdeling hoofsaaklik deur ekonomiese groei moet plaasvind. Volgens die GEAR-beleid is groei die manier waarop die armoede van die armes opgelos gaan word!

Hierdie "lekker gelooft" of mite dat ekonomiese groei in die private sektor die lokomotief gaan wees wat die armes uit hulle moeras van ellende kan en gaan sleep, is nie alleen kortsigtige en selfsugtige rykmanspropaganda nie, maar is uit 'n Politiek Ekonomiese en Sosiale Welvaarts-oogpunt ook erg onverantwoordelik en selfs naïef.

Twee Amerikaanse Ekonomie, Stein en Denison, het die volgende oor ekonomiese groei te sê:

"...the importance of more rapid [economic] growth depends *critically* upon how we allocate our output among our needs... If our national product is *wisely* used, the contribution of a higher rate of growth would be the satisfaction of less critical needs, not of the most critical... If [we] do not allocate [our] output to the most important uses, [we] cannot be sure that any specified rate of [economic] growth or level of output will satisfy [our] critical needs... *If we are not wise in the use of our resources we cannot expect the abundance of our resources always to compensate*"

Die kern van Stein & Denison se argument is dat elke land hom kollektief - met behulp van sy demokratiese prosesse - moet verantwoord oor wat sy belangrikste behoeftes is en om dan toe te sien dat daardie behoeftes inderdaad bevredig sal word. Dit spreek tog vanself dat die BMB van die armste 20 miljoen mense in Suid-Afrika wat steeds *onbevredig* bly uit 'n sosiaal Welvaarts-oogpunt belangriker is as die weeldebehoefes van diegene wat Californië lewenstandaarde handhaaf en wat hierdie behoeftes inderdaad bevredig. Dit word vandag alreëwê aanvaar dat die owerheid met sy sosiale bestedings die "wanalokasie" van bromme soos deur die markmeganisme bepaal, moet kompenseer en/of "regstel" sodat Sosiale Welvaart so goed as moontlik bevorder kan word.

Oor die afgelope 10 jaar het die bourgeoisie ryker geword en kon hulle soveel ter meer hulle weeldebehoefes bevredig, terwyl die *underclass* armer geword het en kon hulle soveel te minder hulle BMB bevredig. Oor die afgelope 10 jaar is die Sosiale Welvaart dus nie bevorder nie, maar is dit inderdaad negatief beïnvloed ten spyte van die positiewe per capita groei. Dit is mos te gek om waar te wees.

As 'n mens nugter nadink oor die skerp ongelikhede in die verdeling van inkomme en geleenthede wat vandag in sowel die wêreld as Suid-Afrika bestaan, dan is dit darem verskriklik dat ten spyte van die geweldige groot rykdom wat jaarliks in die wêreld (en in Suid-Afrika) geproduseer word, die helfte van die wêreld se 6 biljoen mense op minder as \$2 'n dag moet leef (en dat minstens 20 miljoen Suid-Afrikans onder die broodlyn leef en nie hulle BMB kan bevredig nie). Dit is mos totaal gek dat die wêreld so "skeer" en so onregeerd georganiseer kan wees. Maar wat erger is, is dat die rykes en die bevoorregtes

wêreldwyd die wyse waarop die wêreld sosiaal-ekonomies georganiseer is, goedpraat komplement asof hierdie "skeef" georganiseerde wêreld die wêreld is soos die Liewen Heer dit bedoel het en dat die armes en die verontregtes maar met gelatenheid daarin moet borus.

Sou dit nie dalk veel beter gewees het as die wêreld se totale produksie kleiner was, maar so verdeel was dat almal ten minste in hulle BMB kon voorsien nie. Ghandi het tereg beweerd dat daar wêreldwyd genoeg geproduseer word om in almal se behoeftes te voorsien, maar dat daar beslis nie genoeg geproduseer word om in die rykes se hebsug te voorsien nie.

Maar, helaas, diegene wat in Suid-Afrika - in sowel regeringskringe as in korporatiewe kringe - bepaal in welke rigting dinge oor die afgelope 10 jaar beweeg het, wil nie wys wees nie, hulle wil ryk wees. Ons leef in 'n ontwikkelende land waarin 'n rykdomskultuur en uitspattinge "consumeristiese" lewenstandaarde in die gelede van die wit en die swart elite hoogry vier, en waarin nuut verworwe rykdom die norm - en meestal die enigste norm - van verdienste en status is.

Ons het in hierdie land nie net met 'n armoedeprobleem te make nie, maar ook (en veral) met 'n ryksmansprobleem. Die rykdomsprobleem - en die hebsug, grypsug, magsug en kortsigtigheid wat ten grondslag daarvan lê - is tot 'n groot hoogte die oorsaak van die armoedeprobleem. Die rykes vergoel hulle rykdom met die tipiese middelklas (petite bourgeoisie) moraliteit dat hulle hul rykdom verdien het en dat die armes hulle armoede verdien het vanweë hulle gebrek aan vermoëns en luiheid. Ek is verstom dat mense in die verligte tye waarin ons leef, so onkundig kan wees omtrent die historiese en strukturele omstandighede wat die rykes bevoordeel en die armes benadeel het.


Wat my ontstig, is dat die Diskoerskomitee van Aardklop van my kan vra of "ons" oor die volgende 10 jaar ryker of armer gaan word. Dit is mos 'n sinlose vraag. Selfs al word "ons" in per capita-terme ryker oor die volgende 10 jaar, gaan die armes waarskynlik nog armer word. Suid-Afrikans het oor die afgelope 10 jaar ryker geword - met $\pm 0,6\%$ per jaar in per capita terme - maar die armste 40% tot 50% het armer geword. Soos ek hieronder sal aantoon, is die nuwe politiek ekonomiese stelsel - wat aan die begin negentiger jare geïnstalliseer is - *wortfunksioneel* omdat dit die armes *sistemies* uitsluit en verwaarloos. Solank ons nuwe politiek-ekonomiese stelsel - en die magpatrone en ideologiese ingesteldheid waarop dit berus - onveranderd gaan bly, gaan hierdie *sistemiese* patrone voortgeplant word.

3.

RYKDOM EN ARMOEDE IN SUID-AFRIKA

Gedurende die lang tydperk van kolonialisme, segregasie en apartheid (tot ongeveer 1975) was Suid-Afrika 'n tipiese twee-nasie-nasie wat langs *rasse*-lyne georganiseer was: die wittes ($\pm 15\%$ van die bevolking) was ryk en die swartes ($\pm 85\%$ van die bevolking) was arm. Oor die afgelope 30 jaar het ons in 'n hooggestructureerde gemeenskap verander en 'n drie-nasie-nasie geword: 'n veelrassige *middelklas* (bourgeoisie) waarvan 4 ½ miljoen wit is, 'n veelrassige laerklas (werkerstand) waarvan ½ miljoen wit en meer as 14 miljoen swart is, en 'n *underclass* (lumpenproletariaat) wat volledig swart is. Die drie klasse leef in


wyd uiteenlopende wêreld: die middelklas leef in die helder sonlig van die dag, die laerklas leef in die skemerte van die aand (met verskillende skakerings van skemerte) en die *underclass* "leef" in die donker van die nag. (Sien Figure 2 en 3).



Figuur 3

Suid-Afrika se Hoogs Gestratifiseerde Klasse-gemeenskap

2003

% van inkomme
(Miljoen)

Die middelklas (15 miljoen mense) ontvang 89% van totale inkomme en 37% van die inkomme van Afrika Suid van die Sahara. Hulle leef in 'n wonderlike oase te midde van 'n groot Afrika woestyn. Hierdie 15 miljoen moet hulle seëninge tel. Die elite gedeelte van die middelklas (± 4 miljoen) is baie ryk en leef in uitspatige weelde. Net meer as 10 miljoen van die middelklas is swart. Hulle - en veral die 2 tot 3 miljoen swart elite - het oor die afgelope 30 jaar merkwaaardige ekonomiese opkoms gemaak. Die opkoms van die swart middelklas en die swart elite is 'n baie positiewe verskynsel. Nogtans is daar kommer dat hulle darem te vinnig, te maklik en te ryk geword het gedurende 'n tydperk waarin die armste 20 miljoen swartes aanmerklik armer geword het.

Verskeie faktore het tot die vinnige *embourgeoisement* van die swartes bygedra. In baie gevalle het verdienste, harde werk en toewyding 'n deurslaggewende rol gespeel. Andersyds het die regering se Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) en al die verskillende regstellende maatreëls egter ook 'n groot bydrae daartoe gelewer. Dat SEB en regstellende optrede geoorloof was, word nie betwyfel nie. Dit is egter nodig dat ons krities sal kyk na hoe SEB en regstellende optrede oor die afgelope 10 jaar ontplooi het. Dit word konstant gemotiveer in terme van die onreg wat teenoor al 40 miljoen swart mense gepleeg is. Daarmee het ek nie 'n probleem nie. Maar die implementering van SEB en regstellende optrede gebeur deurgaans sodanig dat dit hoofsaaklik die swart middelklas (van 10 miljoen mense) voordeel daaruit ontvang het. Indien al die versteeke koste van SEB en regstellende optrede gekwantifiseer kan word, dan sal dit nogal 'n aansienlike bedrag wees. Indien SEB duidelik *geprioritiseer* was en 'n gedeelte van die bronne wat daarop bestee is, aan die *underclass* toegedeel was - waar die nood die grootste is - sou dit uit 'n Sosiale Welvaartsopspunt nogal betekenisvol gewees het en sou die gaping tussen die swart middelklas en die swart *underclass* nie nog groter geword het nie.

Dit is veral die *embourgeoisement* van die boonste 20% van die Afrikaanhuishoudings (± 7 miljoen mense) wat kommer wek - veral as hulle nuutgevonde rykdom met die groeiende armoede van die armste 40% van Afrikaanhuishoudings (± 15 miljoen mense) vergelyk word. Die inkomste van die boonste 20% van Afrikaanhuishoudings was in 1975 agt keer groter as die van die armste 40%; in 1991 was dit 19 keer groter, in 1996 31 keer groter en tans meer as 40 keer groter. In die geval van die ander drie bevolkingsgroepe is die rykste 20% van die huishoudings tussen 10 en 15 keer groter as die armste 40%. Die groot en groeiende gaping tussen die rykste 20% en die armste 40% van Afrikaanhuishoudings is buite alle verhouding en het geen gelyke èrens ter wêreld nie. Dit is 'n verskynsel waarvoor daar hoegenaamd geen regverdiging bestaan nie.

Die broodwinners van die 15 miljoen wat die werkende laerklas vorm, het darem toegang tot werksgeleenthede al is baie van hierdie werksgeleenthede in die informele sektor. Die "sosiale inkomme" van baie in hierdie groep het gestyg vanweë die water, die elektrisiteit, telefone, gesondheidsdienste, behuising en sosiale sekuriteit wat oor die afgelope 10 jaar *addisioneel* vanaf owerheidsweë aan hulle verskaf is. Wat in hierdie verband bereik is, is lofwaardig en die lof kom die owerheid toe. Die positiewe effek op die "sosiale inkomme"

van hierdie groep sou egter heelwat groter gewees het, indien so baie van die nuwe "aansluitings" - van water, elektrisiteit, behuising, ens. - nie weer afgesny is nie omdat die "bevoordeeldes" nie die kontantvloei gehad het om dit in stand te hou nie.

Dit bring my by die besonder kenmerke van die *underclass* (lumpenproletariaat). Hierdie klas leef onder die broodlyn en hulle kan nie in hulle BMB voorsien nie. Hierdie klas het weinig voordeel getrek uit die water, elektrisiteit, behuising en ander sosiale dienste wat die nuwe regering addisioneel voorsien. Die broodwinners het bykans geen toegang tot werksgeleenthede in of die formele of die informele sektore nie. - hulle strukturele werkloosheid is diep gewortel en baie van hulle is nie eers indiensneembaar nie. Hierdie klas is ongeskoold, ongeletterd, sonder vaardighede en byna volledig gemarginaliseer van die hoofstroom van die ekonomie. Dit word beraam dat 9 miljoen (of 33%) van die potensieel kieserskorps van 27 miljoen nog nie geregistreer is vir die 2004 verkiesing nie en dat baie van hierdie 9 miljoen nie eens identiteitsdokumente besit nie. Baie van hierdie 9 miljoen wat ongeregistreerd is, is *underclass*-mense. 'n Groot persentasie van die volwassenes en die kinders in die *underclass* - wat kwalifiseer vir Sosiale sekuriteit - ontvang dit nie. Die *underclass* is stemloos, pateties magtelos, ongeorganiseerd en kan as gesiglose mense beskou word. Uit die oogpunt van die burgerlike gemeenskap leef hierdie klas in 'n vakuum.

Die *underclass* is besig om in groter armoede weg te sink omdat hulle aan verskeie armoede strikke blootgestel is. Hulle is die eintlik slagoffers van misdaad, geweld en aansteeklike siektes, hoofsaaklik omdat hulle oor geen reserves beskik om hulle teen die ontwrigtende effekte van hierdie soort teenspoed te verskans nie. Die *underclass* word sistemies uitgesluit en sistemies verwaarloos deur die nuwe politiek-ekonomiese stelsel. Mense in die *underclass* is inderdaad verstote mense - hulle is gedoem om permanent in die donkerste en in die koue van 'n oënskynlike ewigdurende winter nag te leef ... of te probeer oorleef.

4. DIE WANFUNKSIONALITEIT VAN SUID-AFRIKA SE NUWE POLITIEK-EKONOMIESE STELSEL

Ek het hierbo gesê dat ons nuwe politiek-ekonomiese stelsel wanfunksioneel opereer en oor die afgelope 10 jaar daarvoor verantwoordelik was dat die rykes ryker en die armes armer geword het. Ek wil beklemtoon dat ek my nie net oor die werking van ons ekonomiese stelsel verantwoord nie, maar met die werking van ons gesamentlike *politiek-ekonomiese* stelsel. In die begin van die 21ste eeu kan 'n mens nie meer net oor die ekonomiese stelsel van 'n land in isolasie van die *politieke* stelsel praat nie. Gedurende die 20ste eeu het die *politieke* en *ekonomiese* fasette van die gesamentlike POLITIEK-EKONOMIESE stelsel so nou vervleg geraak, funksioneer die twee fasette so komplementêr tot mekaar, kompenseer die een tot so 'n groot hoogte vir die foute van die ander een, en moet die MAG van die een deur die MAG van die ander een afgegrens word, dat dit nodig is dat ons ons voortdurende oor die *doelmatigheid* al dan nie, van die gesamentlike *politiek-ekonomiese* stelsel sal verantwoord.

Dit is insiggewend om die politiek-ekonomiese stelsel wat Suid-Afrika in 1973 gehad het, met die van 2003 te vergelyk. Die politiek-ekonomiese stelsel van 1973 was: 'N *POLITIEKE STELSEL VAN BLANKE POLITIEKE OORHEERSING PLUS 'N EKONOMIESE STELSEL VAN RASSE EN KOLONIALE KAPITALISME*.

Hierdie stelsel was uit 'n eng ekonomiese oogpunt baie suksesvol. Dit het Suid-Afrika in staat gestel om vir 40 jaar 'n jaarlikse ekonomiese groei koers van 4,5% te handhaaf. Die stelsel was in vele opsigte ook redelik stabiel. Maar uit bykans alle ander oogpunte beoordeel, was hierdie stelsel *wanfunksioneel* en *immoreel*. Dit was verantwoordelik vir die *sistemiese uitbuiting* van 80% van die swartbevolking. In 1946 was die per capita inkome van die Afrikaner 8,9% van dié van die blankes. In 1973 was dit slegs 6,8%!

Sedert 1973 het sowel die politieke as die ekonomiese fasette van ons gesamentlike stelsel belangrike veranderinge ondergaan. Die politieke fase het verander in 'n konstitusionele demokrasie met 'n een-mens-een-stem kiesstelsel en 'n handves van menseregte. Maar gegewe dat die parlement op 'n proporsionele grondslag verskies word, verleen ons nuwe demokrasie buitengewone partypolitieke mag aan die Afrikaan-elite wat die ANC se Nasionale Uitvoerende Raad en die koulus beheer. Hierdie elite beskik oor die mag om die regering se ideologiese ingesteldheid en beleid op 'n *eenzijdige* wyse voor te skryf en te dikteer. Ons kan ons nuwe politieke stelsel as 'n *Afrikaan-elite demokrasie* beskryf wat nog lank nie die toets van 'n egte veelparty demokrasie deurstaan het nie. 'n Ongelukkige kenmerk van ons nuwe demokrasie is dat die regering baie onseker is van sigself, dat dit oordewe sensitief is teen goed bedoelde kritiek en geensins 'n demokratiese tradisie van debatsvoering oor openbare aangeleenthede vestig en bevorder nie.

Die moderne sektor van die ekonomie het sedert 1973 ook ingrypend verander. Dit het baie meer kapitaal-intensief geword en sy werkskeppende vermoë het skerp afgeneem. Die neiging na kapitaalintensiteit is deur verskeie faktore gestimuleer, maar veral deur die struktuurverandering wat in die Afrikaan-arbeidsmark ingetree het. Toe Afrikaan-arbeid nie meer so gedweë en goedkoop was soos vóór 1970 nie, het die hoofsaaklike blanke korporatiewe sektors arbeid met kapitaal vervang - en hy doen dit nog steeds. Oor die afgelope 30 jaar het die uitbuitende stelsel van *Rasse en Klasse Kapitalisme* verander in 'n *Eerste Wereld Kapitalistiese Enklave* wat hom toenemend distanseer van 'n groot deel van die swartarbeidsmark. In 1970 het 34% van die *totale* Afrikaanbevolking permanente werksgeleenthede in die moderne sektor gehad. Tans het slegs 13% sodanige werksgeleenthede - d.w.s. slegs 1 uit 8 i.p.v. 1 uit 3 in 1970. Sedert 1994 is die Suid-Afrikaanse ekonomie hoërdesteboolder "geglobaliseer" en in hierdie "oop"-ekonomie is die geleentheid aan die korporatiewe sektor gebied om - bo en behalwe die biljoene wat die sektor onwettig uitgeneem is - nog meer biljoene wettig uit die land te neem sonder dat die beloorde invloed van buitelandse belegging plaasgevind het.

Sedert 1994 is ons politiek-ekonomiese stelsel - soos dit in vandag se wêreld behoort te wees, 'n stelsel van *Demokratiese Kapitalisme*. Maar dit is ongelukkig 'n stelsel van *demokratiese KAPITALISME* waarin die "kapitalistiese" fase, in verhouding tot die "demokratiese" fase, te veel mag en invloed het en ook die neo-liberale ideologiese karakter van die gesamentlike stelsel dikteer. Ons nuwe politiek-ekonomiese stelsel kan dus soos volg beskryf word: 'N AFRIKAAN-ELITE DEMOKRASIE PLUS 'N OOP, EERSTE WÊRELD, KAPITALISTIESE ENKLAWE WAT IN TERME VAN DIE NEO-LIBERALE IDEOLOGIE (d.w.s. die "WASHINGTON CONSENSUS") VAN DIE BRITS-AMERIKANSE WÊRELD GELEGITIMEER WORD.

Die jaarlikse groei koers van 2,7% sedert 1994 is aansienlik beter as die jaarlikse groei koers van 1,7% gedurende die vorige 20 jaar. 'n Hoë mate van sosiale politieke en makro-ekonomiese stabiliteit is sedert 1994 gehandhaaf en dit is verdiensteel. Die gesamentlike politiek-ekonomiese stelsel is egter steeds *wanfunksioneel en immoreel omdat 45% van die swartbevolking deur sowel die politieke as die ekonomiese fase van die stelsel uitgesluit en verwaarloos word*. Die armste 45% van die totale bevolking het sedert 1994 armer geword, terwyl hulle indiensnemingsposisie, hulle sosiaal-ekonomiese posisie en hulle veiligheids- en gesondheidsposisies aansienlik verswak het. In 1996 het 17,1 miljoen mense onder die minimum bestaansvlak geleef soos gedefinieer deur UNISA se Buro van Marknavorsing. In 2001 het 22,3 miljoen onder hierdie vlak geleef!

WIE MOET DIE SKULD VIR DIE VAN DIE ONDERSTE 45% KRY?

Die apartheidsregering moet deel van die skuld vir die groeiende armoede kry vanweë die aaklige sosiaal-ekonomiese erflating wat hy in 1994 aan die ANC-regering oorgee het. Die armoede van sê die armste 20 miljoen het 'n dinamika van sy eie verkry waardeur die armoede spontaan voortgeplant word. Dit is soos 'n sneeubal wat in sy eie momentum teen 'n skuinste afrol en groter en groter word!

Maar die ANC-regering en die korporatiewe sektor (en hul globale vennote) moet die ander deel van die skuld kry omdat hulle in 1993/1994 gesamentlik 'n politiek-ekonomiese stelsel geïnstitusioneel het wat die armste 45% van die bevolking *sistemies uitsluit en sistemies verwaarloos*. Die ANC regering bestee wel meer op armoedeverligting, maar dit is nie naasteby genoeg om die chronies verslegende toestand te bereeder nie.

Die wanfunksionaliteit van die huidige politiek-ekonomiese stelsel moet toegeskryf word aan die aard van die *onderhandelde stiktings* wat in die vroeë negentigerjare tydens die informele onderhandelinge tussen die plaaslike en globale korporatiewe sektore enerzijds en die leierkorps van die ANC bereik is. Tydens hierdie geheime onderhandelinge het die plaaslike en globale korporatiewe sektore saamgespan en 'n magtige blok gevorm wat met hiperboliese behoeftes - en subtiële dreigemente - die leierkorps van die ANC oortuig.

oortrompel en/of gekoopteer het om 'n ekonomiese beleid, 'n ekonomiese stelsel en 'n ekonomiese ideologie te aanvaar wat in belang van die seksionele belang van die korporatiewe sektore en die ryk bourgeoisie is, maar wat uiters nadelig vir die armste helfte van die bevolking is.

Die korporatiewe sektor het 'n neoliberalerale en globaal-georiënteerde IDEOLOGIE, 'n vryemark BELEID en 'n vryemark STELSEL aan die nuwe Suid-Afrika opgedwing *kompleet ASOF* die minimum mens-, juridiese en institusionele voorwaardes vir só 'n IDEOLOGIE, BELEID en STELSEL in Suid-Afrika teenwoordig is of maklik tot stand gebring kan word - iets wat natuurlik nie die geval is nie.

Die *raison d'être* van 'n vryemark ekonomie is daarvan afhanglik dat dit so volledig as moontlik die totale bevolking by die hoofstroom van sy aktiviteit sal bereik en dat dit naasteby die totale bevolking deur sy werking sal bevoordeel. Die vryemark-IDEOLOGIE, BELEID en STELSEL is ONVANPAS en ONTOEPASLIK vir 'n ontwikkelende, verdeelde en sosiaal-ekonomies "geknakte" land soos Suid-Afrika ná byna 350 jaar van kolonialisme, segregasie, apartheid en die strugle. Die vryemark - georiënteerde kapitalistiese Enklave kan nie armes dien nie en kan hulle ook nie uit hulle armoede bevry nie en wel om die volgende redes:

- i) *eerstens*, omdat die *underclass* (en 'n deel van die laerklas) byna volledig *gemarginaliseer* is, en daarom uitgesluit is van die hoofstroom in die Enklave;
- ii) *tweedens*, omdat die *underclass* eiendomloos, ongeskoold, ongeletterd, sonder vaardigheid, sonder werk is en daarom nie geskik is vir indiensneming nie en boonop ook nie vir die moderne sektor 'n betekenisvolle verbruikersmark bied nie;
- iii) *derdens*, omdat die *underclass* óf tradisioneel georiënteerd is óf getraumatiseerde (en selfs gebrutaliseerde) mense is wat 'n armoede-mentaliteit (en vanweë apartheid selfs 'n misdaad-mentaliteit) het en om hierdie redes nie die *rasionele* lewensgesteldheid het wat onontbeerlik is voordat hulle op 'n voordelig wyse (vir hulle self) aan die meedoënlose spel van die sogenaande vryemark-ekonomie kan deelneem nie ... en daarom gedoem is om op elke hoek en draai die onderspit te delf;
- iv) *vierdens*, omdat die reusagtige - en byna vulgêre - mag en inkomegaping tussen die hoogsgeorganiseerde bourgeoisie (15 miljoen mense) en die ongeorganiseerde *underclass* (15 miljoen mense) dit nie alleen onwaarskynlik maak nie, maar dit selfs onmoontlik maak dat die *entrepreneurs*klas in die moderne marksektor ooit die "begrip" die wil, die empatie, die medelye en die offervaardigheid aan die dag sal lê om die *underclass* op 'n winsgewende wyse (vir die entrepreneursklas) en op 'n heilsame wyse (vir die *underclass*) by die moderne sektor se bedrywighede te betrek - boonop is die ideologiese oriëntasie in die gelede van die entrepreneursklas te hebsugtig, te selfsugtig en te kortsigtig om uit te reik na die *underclass*.

- v) vyfdens, omdat die meedoenlose dissipline van *globale* mededinging - gegewe die aard van Globale Kapitalisme - die winsgedrewe korporatiewe sektor in die kapitalistiese Enklave tot steeds groter *kapitaal-intensiteit* gaan aanspoor wat die werkskeppende vermoë van die ekonomie net verder gaan verswak, en dit daarom onwaarskynlik gaan maak dat werkloosheid betekenisvol sal verminder *selfs al word 'n jaarlikse groei koers van 4% (en hoër) gehandhaaf*.

- vi) sedens, omdat die sterk strukturele neiging - wat reeds in die vroeë 1970 begin het - na die eerste wêreld, kapitalistiese ENKLAVE so sterk voortgeerol het oor die afgelope 10 jaar - hoofsaaklik vanweë die neoliberaal en globale beleidsmaatreëls, vanweë regstellende optrede in die arbeidsmark en vanweë die swak geskooltheid van 'n deel van die arbeidsmark - dat ons ekonomiese groei waarskynlik "jobless growth" gaan wees en dat daar dus geen sprake kan wees van "trickle-down" effek na die armes nie.²

Dit is egter nie net die kapitalistiese Enklave van ons gesamenlike politiek-ekonomiese stelsel wat die armes *sistemies* uitsluit en verwaarloos nie. Die politieke faset van die gesamenlike stelsel - oftewel die *Afrikaanse-elite demokrasie* - is eweser geneig om die armes *sistemies* uit te sluit en te verwaarloos en wel om die volgende redes:

- i) *eerstens*, omdat die leierskorps van die ANC verskeie elite kompromieë met die korporatiewe sektor en sy globale vennote aangegaan het waarin die leierskorps hom verbind het tot fiskale beperkings, neo-liberalisme, globalisering en die liberalisering van die vloei van kapitaal en handel. Hierdeur het die ANC ingestem dat sy soewereiniteit so ernstig ingeperk is dat hy nie oor die mag beskik om die aaklike sosiaal-ekonomiese nalatenskap van apartheid na wense te beredder nie.

- ii) *tweedens*, omdat die ANC-regering toegelaat het dat die kapasiteit van die openbare sektor dramaties verswak het en gevolglik beskik hierdie sektor eenvoudig nie oor die kapasiteit om na wense sosiale en welvaartsdienste aan die armes te lewer nie.

² (Verbasend genoeg het pres. Thabo Mbeki in sy ANC Today-brief (22-28 Aug 2003) erken dat die "trickle-down" scenario nie in ons "eerste wêreld" en "derde wêreld" situasie van toepassing is nie:

"It is sometimes argued that higher rates of growth, of 6% and above, would, on their own, lead to the reduction of the levels of unemployment in our country. This is part of a proposition about an automatic so-called trickle-down effect that would allegedly impact on the "third world economy" as a result of stronger "first world economy". None of this is true".

Toe Pres. Mbeki hierdie dik streep deur die "trickle-down" scenario getrek het, het hy in effek die GEAR-beleid getripliceer. Ons kan maar net hoop dat hy binnekort 'n amptelike aankondiging in die verband sal maak.

- iii) *derdens*, word die *underclass* erg verwaarloos deur die ANC regering omdat hierdie klas - uit die oogpunt van die burgerlike gemeenskap - geen bedingingsmag het nie. Alhoewel die prioriteite van regerings wêreldwyd deur die druk van goedgeorganiseerde pressiegroepe bepaal word, wil dit voorkom asof die ANC regering besonder "beweegbaar" onder die druk van pressiegroepe is. Aangesien die *underclass* nie oor bedingingsmag beskik nie, is dit byna vanselfsprekend dat hulle sistemies verwaarloos en uitgesluit word.

- iv) *vierdens*, het 'n nuwe magtalliansie in die begin van die negentiger jare tot stand gekom waarin die korporatiewe sektor en globale korporatisme die senior vennote is en waarin die ANC en sy bourgeoisie ondersteuners as junior vennote gekoöpteer is maar teen baie gunstige terme vir die swart bourgeoisie en sonder inagneming van die belange van die *underclass*.

- v) *vyfdens*, is die ANC-regering in sy retoriek besonder sterk daarop ingestel om die armes "in te sluit", om die "frontiers of poverty" terug te skuif en om "a better life for all" te skep. Daar bestaan egter 'n groot gaping tussen die retoriese "inskakeling" van die armes en hulle werklike "uitskakeling".

Wat die probleem soveel te meer vererger, is dat die ANC klaarblyklik nie die *omvang*, die *kompleksiteit*, en die endogene *dinamiese* karakter van die armoede probleem van die *underclass* begryp nie. Die vermoede dat die ANC dit nie begryp nie, word versterk deur die onwilligheid van Pres. Thabo Mbeki en ander ANC segsmanne om te erken dat die armes oor die afgelope 10 jaar armer geword het. Met so 'n opvallend foutiewe "diagnose"-ter wille van partypolitieke gewin - is die ANC bestem om die oorlog teen armoede te verloor.

6. GEVOLGTREKING

Ek hoop u verstaan nou waarom ek redelik seker is dat die rykes oor die volgende 10 jaar nog ryker gaan word - behalwe as onvoorsiene ineenstortings ("melt-down") in die globale ekonomie ons dalk gaan pooi - en dat die armes verder gaan verarm. Solank die nuwe politiek-ekonomiese stelsel - en die magstrukture en ideologiese ingesteldheid waarop dit gebaseer is - onaangetaas gaan bly voortbestaan, sal die armes (die *underclass*) steeds uitgesluit en verwaarloos bly. Oor baie eeue is 'n *strukturele* foutlyn in die Suid-Afrikaanse politiek-ekonomiese stelsel ingebou waarvolgens die blankes ryker geword en die meeste swartes chronies verarm is. Daardie foutlyn bestaan in 'n aangepaste vorm steeds in die nuwe Suid-Afrika. Hiervolgens word die veelvassige bourgeoisie steeds ryker en die swart *underclass* steeds armer!

U vra my wat is nodig as ons hierdie sistemiese “drukgang” wil deurbreek. Ek dink minstens ses dinge is nodig:

- i) **eerstens**, sal die elite krompromieë waaroor die korporatiewe sektor en die leierskorps van die ANC eenstemmigheid bereik het, heronderhandel moet word en sal ‘n nuwe “sosiale kontrak” in die opvolgskikking aangegaan moet word wat die belange van die armes insluit;
- ii) **tweedens**, sal sowel die korporatiewe sektor as die ANC moet toegee dat ‘n vryemark-IDEOLOGIE, BELEID, en STELSEL onvanpas en ontoepaslik is in die “drie-wêreld-wêreld” van Suid-Afrika en dat Suid-Afrika ‘n egte “developmental state” dringend nodig het;
- iii) **derdens**, sal metodes gevind moet word om die sterk strukturele neiging na groter kapitaal-intensiteit en na enklaviteit teen te werk sodat die moderne sektor se arbeidsabsorbasie kan styg.
- iv) **vierdens**, sal Suid-Afrika se holderstebolder integrasie in globale kapitalisme omgekeer moet word om ruimte te skep vir ‘n meer gedifferensieerde deelname aan globale kapitalisme wat Suid-Afrika se belange en veral die werkskeppingsvermoë voorop sal stel;
- v) **vyfdeens**, sal die kapasiteit van die openbare sektor baie moet verbeter, sal nepotisme korrupsie en “carcerism” uitgeroei moet word, ter wille van beter dienslewering, en
- v) **sesdeens**, sal ‘n omvattende herverdelingsbeleid - of ‘n restitusiebeleid - geïmplementeer moet word, maar dit sal net moontlik wees as die “verdelingskoalisie” wat in die begin negentigerjare tussen die ou wit en nuwe swart elite gesluit is, ontbind kan word en die elite terselfdertyd sy rykmankultus en sy neo-liberale ideologie kan afsweer.

U vra my of dit moontlik sal wees om hierdie ses dinge te bewerkstellig? Ek glo nie. Daarom gaan die rykes ryker en die armes armer word oor die volgende 10 én oor die volgende 20 jaar!

Tot nou toe het ek nog niks gesê oor die moontlikheid (of waarskynlikheid) dat die uiters ongelijke verdeling van inkomme - en die yslike gaping tussen die lewenstandaarde van die bourgeoisie en die *underclass* - die stabiliteit en die voortbestaan van Suid-Afrika se nuwe demokrasie in gevaar kan stel nie. Dit kan gebeur deur ‘n eskalasie van die huidige hoë vlakke van geweld en misdaad óf deur ‘n tweede Struggle. Ek wil die moontlikhede onder die aandag bring deur ‘n gedig wat Dik Opperman in 1956 gepubliseer het, aan te haal

KIETS

“In die donker krotte van Distrik Ses
maak ons duisende saam met die muise nes,
en die rykes hang in glas en lig
in die huise hoog teen Oranjezicht,
maar dis sus of so vir die skollie met die mes”